## 1. VOTUM: Joh. 1:1-4 (SITTENDE)

<u>1933/53</u>

1 IN die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.
2 Hy was in die begin by God.
3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.
4 In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.

<u>1983</u>

1 In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.
2 Hy was reeds in die begin by God.
3 Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie ’n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.
4 In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.

<u>2020</u>

1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.
2 Hy was in die begin by God.
3 Alles het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het selfs nie een ding wat bestaan, ontstaan nie.
4 In Hom was lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.

<u>ABD07</u>

1 Die Woord was daar voor alles begin het. Die Woord was by God en die Woord was self God.
2 Hy was in die begin by God.
3 God en die Woord het alles gemaak. God het niks alleen gemaak nie. Hy en die Woord het alles gemaak.
4 Die Woord het die lewe gebring, en hierdie lewe was die lig vir die mense.

## 2. SEËNGROET (SITTENDE)

## 3. LOFSANG: LB 450:1 en 2 (STAANDE)

1 Vader, Seun, Heil’ge Gees, hoe sal ons u heerlikheid
kan verwoord, u lof besing met ’n aardse stem?
Eer die Vader, eer die Seun, eer die Gees as God en Heer.
Eer ons God as Majesteit; loof Hom tot in ewigheid.

2 Woord uit Woord, Lig uit Lig, kom as mens op aarde.
Bo begrip, bo ons verstand is u grootheid, Heer.
Eer die Vader, eer die Seun, eer die Gees as God en Heer.
Eer ons God as Majesteit; loof Hom tot in ewigheid.

## 4. SKRIFLESING: Hand. 2:1-11 (SITTENDE)

1933/53

1 EN toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar.
2 En daar kom skielik uit die hemel ’n geluid soos van ’n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.
3 Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.
4 En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.
5 En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is.
6 En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek;
7 en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galiléërs nie?
8 En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?
9 Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotámië, Judéa en Kappadócië, Pontus en Asië,
10 Frígië en Pamfílië, Egipte en die streke van Líbië by Ciréne, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote,
11 Kretense en Arabiere — ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek.

1983

1 Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar.
2 Skielik was daar ’n geluid uit die hemel soos van ’n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het.
3 Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.
4 Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.
5 Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon.
6 Toe die mense die geluid hoor, het ’n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie.
7 Verras en verbaas sê hulle toe: “Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs.
8 Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?
9 Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië,
10 Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome,

11 Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het.”

2020

1 Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar.
2 Onverwags het daar uit die hemel ’n geluid soos dié van ’n kragtige stormwind opgeklink, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.
3 Tonge, asof van vuur, het aan hulle verskyn, verdeel en op elkeen van hulle neergedaal.
4 En almal is vervul met die Heilige Gees, en het in ander tale begin praat, soos die Gees aan hulle gegee het om hardop uit te spreek.
5 Destyds het daar vroom Jode uit elke nasie onder die hemel in Jerusalem gewoon.
6 Toe daardie geluid opklink, het die menigte saamgedrom, en was verward, omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word.
7 Verstom en verbaas het hulle gevra: “Kyk, is almal wat daar praat, dan nie Galileërs nie?
8 Hoe hoor elkeen van ons hulle dan praat in die taal waarmee ons grootgeword het?
9 Ons – Parte en Meders en Elamiete, inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en Asië, 10 Frigië en Pamfilië, Egipte en streke van Libië in die omgewing van Sirene, en Romeine wat hier vertoef, 11 Jode en proseliete, mense van Kreta en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God praat.”

ABD07

1 Al die gelowiges was bymekaar op die dag van die Pinksterfees.
2 Hulle het skielik iets gehoor wat uit die hemel kom. Dit was soos ’n sterk wind wat waai. Hulle het dit gehoor oral waar hulle in die huis gesit het.
3 Toe sien hulle iets wat lyk soos ’n klomp vuurvlamme bymekaar. Die vlamme het gelyk soos tonge, en ’n vlam het op elke gelowige gaan sit.
4 Die Heilige Gees het in hulle almal gekom en hulle het begin praat in ander tale. Die Gees het hulle laat praat in hierdie tale.
5 Daar was Jode in Jerusalem, hulle het in ander dele van die wêreld grootgeword en het toe in Jerusalem kom woon. Daar was Jode van elke land in die wêreld. Hierdie Jode was lief vir die Here en hulle het Hom gedien soos Hy wil hê.
6 Toe hulle hoor dat hierdie sterk wind kom, het baie van hierdie Jode saamgekom by die huis. Hulle het nie geweet wat gebeur nie, want hulle het gehoor hoe praat die gelowiges in die tale van elkeen van hulle wat uit die ander lande van die wêreld kom.
7 Hulle was baie verbaas en hulle het gesê: “Al hierdie mense wat so praat, kom van Galilea.
8 Elkeen van ons hoor sy eie taal wanneer hulle praat. Hoe gebeur dit?
9 Want ons is Jode uit verskillende volke: Perse, Mediërs, Elamiete, mense wat woon in Mesopotamië, Judea, Kappadosië, Pontus, Asië,

10 Frigië, Pamfilië, Egipte en die dele van Libië naby Sirene, en mense wat woon in Rome,
11 ook Jode en heidene wat die Jode se godsdiens aanvaar het, Kretensers en Arabiere. Ons hoor hoe praat hulle in ons eie tale oor die groot dinge wat God gedoen het."

**5. SANG GELOOFSBELYDENIS: LB 488:1, 4 en 5 (STAANDE)**

1 Helder skyn u lig vir die nasies, 'n vreugdeglans om die mense te verlig
tot die hele wêreld kan sien U is die lig. Mag u lig, Heer, deur óns skyn.

4 Heer, u Woord gee hoop aan die nasies; 'n hartvol hoop om die volke te verbly
tot die hele wêreld kan glo dat U bevry. Mag U hoop, Heer, deur óns gee.

5 U is Koning, Heer, oor die aarde. Die mense vra na u wil om U te eer
tot die hele wêreld kan juig dat U regeer. Laat u ryk, Heer, in óns kom!

**6. GEBED**

**Die Woord is suiwer.**

**7. SAMESANG: LB 255:1 en 3 (SITTENDE)**

1 Woord van God, Woord van die lewe, Woord vir ewig vas en waar,
Woord onfeilbaar en verhewe waarin God Hom openbaar!
Woord betroubaar, vas en waar deur miskenning, deur gevaar –
wat sou ons dan ooit laat bewe? In dié Woord het ons die lewe!

3 Trotse berge sal eens wankel, elemente sal vergaan.
As die skepping selfs verander, bly Gods Woord onwrikbaar staan!
Bo die ruimte, bo die tyd heers die Heer in ewigheid.
Ons geloof bly vasgeanker in Gods Woord wat nimmer wankel!

**8. SKRIFLESING: Ps. 12:1-9 (klem OP VERS 7) (SITTENDE)**

<u>1933/53</u>

1 VIR die musiekleier; met basstem. 'n Psalm van Dawid.
2 Red, o Here, want daar is geen vrome meer nie; want die getroues het verdwyn onder die mensekinders.
3 Hulle praat leuens, die een met die ander; met vleiende lippe spreek hulle dubbelhartig.
4 Mag die Here al die vleiende lippe uitroei, die tong wat grootpraat,
5 hulle wat sê: Met ons tong is ons sterk; ons lippe is met ons! Wie is heer oor ons?
6 Oor die verdrukking van die ellendiges, oor die gesug van die behoeftiges sal Ek nou opstaan, sê die Here; Ek sal hom in veiligheid stel wat daarna smag.

7 Die woorde van die Here is rein woorde, silwer wat gelouter is in ’n smeltkroes in die aarde, gesuiwer sewe maal.
8 U, o Here, sal hulle bewaar; U sal ons bewaar van hierdie geslag vir ewig.
9 Die goddelose draf rond as laagheid die oorhand kry by die mensekinders.

<u>1983</u>

1 Vir die koorleier: met basstem. ’n Psalm van Dawid.
2 Help tog, Here, want daar is geen vrome meer nie, daar is geen betroubare mens meer oor nie.
3 Die mense bedrieg mekaar; hulle mislei mekaar met vleitaal.
4 Die Here sal al die vleitaal uitroei en die grootpratery van die mense
5 wat sê: “In ons tong lê ons krag. Ons lippe help ons.
Ons buig vir niemand nie.”
6 Maar die Here sê: “Die swakkes word mishandel en die armes kla. Daarom gryp Ek nou in en gee uitkoms aan dié wat daarna smag.”
7 Daar is niks vals in wat die Here sê nie. Sy woorde is soos silwer wat oor en oor in ’n oond gesuiwer is.
8 U, Here, hou oor ons wag. U sal ons vir altyd teen sulke mense beskerm,
9 selfs al pronk goddeloses nog rond en al heers die gemeenheid nog tussen die mense.

<u>2020</u>

1 Vir die musiekleier. Op “Die agtste”. ’n Psalm. Van Dawid.
2 Verlos tog, Here! Want daar is nie meer getroue volgelinge nie; die betroubares onder die mense het verdwyn.
3 Die een mens belieg die ander; met vleiende lippe praat hulle uit twee monde.
4 Mag die Here al die vleiende lippe uitroei, die tonge wat grootpraat,
5 hulle wat sê: “Danksy ons tonge is ons sterk; ons lippe is onder ons beheer. Wie is heer oor ons?”
6 “Vanweë die geweld teen die magteloses, die gesug van die behoeftiges, gaan Ek nóú opstaan,” sê die Here. “Ek sal hulle wat daarna smag na veiligheid bring.”
7 Die Here se woorde is suiwer woorde, silwer wat gelouter is in ’n smeltoond in die grond, dit is sewe maal gesuiwer.
8 U, Here, moet hulle beskerm; U moet elkeen altyd veilig hou teen hierdie geslag.
9 Oral loop goddeloses rond, terwyl die gemeenheid van mensekinders hoogty vier.

<u>ABD07</u>

1 Vir die leier van die koor: Met snaarmusiek. ’n Psalm van Dawid.
2 Here, U moet help, want daar is niemand wat in U glo nie, daar het niemand oorgebly wat doen wat hy belowe het nie.
3 Mense is vals met mekaar, hulle vertel mooi stories, maar dit is nie waar nie, hulle sê mooi dinge, maar hulle is vals.
4 Here, U moet die mense stilmaak wat daardie stories vertel, die mense wat spog.

5 Hulle dink hulle sal wen met die dinge wat hulle sê, hulle dink niemand sal hulle keer nie.
6 Die Here sê: Ek sien die slegte dinge wat mense doen met die mense wat hulleself nie kan beskerm nie, ek hoor hoe kla en sug die mense wat niks het nie. Hulle het gevra dat Ek hulle moet help, en Ek sal nou kom.
7 Wanneer die Here praat, dan kan jy Hom glo. Sy woorde is nie vals nie, dit is so skoon en suiwer soos silwer wat sewe maal gesmelt is in 'n vuur-oond.
8 Dit is U, Here, wat by ons wagstaan. U sal ons altyd beskerm teen hierdie mense.
9 Rondom ons loop die mense wat verkeerd doen, en almal sê die dinge wat sleg is, is goed.

**9. SAMESANG: LB Ps. 119:1, 26 en 27 OF Psalm 119:1, 33 en 39 (Totius beryming) (SITTENDE)**

1 Salig is hulle wat so handel soos voorgeskrewe deur Gods wet,
die wat opreg in hul wandel op sy verordeninge Let.
Aan u gebooie eis U trou. Ek moet van onreg my weerhou.

26 Maak oop u woord, laat dit my voorlig; wil u beloftes, Heer, volbring.
Omdat u woord my lei tot insig, sal ek u lof, o Heer, besing.
Gee op my smeking daarom ag, gee my u hulp waarna ek smag.

27 Sonder u woord, Heer, is ek raadop, ek laat my altyd daardeur lei;
Wat U gebied, dit stel ek voorop; dit rig my voet, dit maak my vry.
As ek van u gebod afdwaal, kom soek my, Here, kom my haal.

OF

Psalm 119:1, 26 en 27 (Totius beryming)

1 Salig wie in hul opregtheid wandel in die Heer se wet,
wie Hom soek van ganser harte en op sy getui'nis let.
Salig dié wat in hul wandel nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë in Gods wet vir hul gebaan.

33 Heer, u woord is onbeweeglik, en u waarheid het geen end,
soos die sterre wat bly vonkel aan die hoë firmament.
Met die duur van mensgeslagte sal u bondstrou nooit beswyk;
soos die aarde dit bevestig wat nie van sy grondslag wyk.

39 Heer, u woord is my 'n fakkel wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse van my lewenspad verja.
Ek 't gesweer, deur u ontferming dit bevestig, dat ek my,
van 'n wêreldnag omgewe, deur dié ligglans wil laat lei.

**Jeug en die Bybel.**

**10. SKRIFLESING: Ps. 119:9-16(SITTENDE)**

1933/53

9 Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord.
10 Ek soek U met my hele hart; laat my nie afdwaal van u gebooie nie.
11 Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.
12 Lofwaardig is U, o Here! Leer my u insettinge!
13 Ek het met my lippe vertel al die verordeninge van u mond.
14 Ek is vrolik in die weg van u getuienisse soos oor allerhande rykdom.
15 Ek wil u bevele oordink en op u paaie let.
16 Ek sal my verlustig in u insettinge, u woord sal ek nie vergeet nie.

1983

9 Hoe kan ’n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!
10 Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie nie.
11 Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U.
12 Aan U kom die lof toe, Here, leer my u voorskrifte.
13 Al u bepalings wil ek een vir een opnoem.
14 Om volgens u verordeninge te lewe, gee my meer vreugde as al die rykdom van die wêreld.
15 U bevele bly my altyd by. Ek gee ag op die pad wat U aanwys.
16 Ek verlustig my in u voorskrifte, u woord vergeet ek nie.

2020

9 Hoe sal ’n jongmens sy lewenspad suiwer hou? Deur te hou by u woord.
10 Met my hele hart soek ek U; laat my tog nie afdwaal van u bevele nie.
11 In my hart koester ek u woord, sodat ek nie teen U sondig nie.
12 U moet geprys word, Here! Leer my u voorskrifte!
13 Met my lippe vertel ek van al die beslissings van u mond.
14 Oor die pad van u bepalings is ek verheug soos oor enige rykdom.
15 Oor u opdragte wil ek nadink; ek wil op u paaie let.
16 In u voorskrifte vind ek vreugde; ek sal u woord nie vergeet nie.

ABD07

9 Wat moet jongmense doen sodat hulle kan weet hoe hulle moet lewe? Hulle moet doen wat U sê.
10 Ek wil naby U wees met my hele hart, U moet keer dat ek nie ongehoorsaam is aan u gebooie nie.
11 Ek dink altyd aan wat U gesê het, dit keer my dat ek nie sonde doen teen U nie.
12 Here, ek prys U, U moet vir my leer wat u wette sê.
13 Ek wil vir die mense alles sê wat U besluit het.
14 Dit maak my bly om te lewe soos U sê, so bly soos wanneer ’n mens alles het wat hy nodig het.

15 Ek sal dink aan wat U beveel het, ek sal goed luister na wat U wil hê.
16 Ek sal altyd bly wees oor u wette, ek sal nie vergeet wat U gesê het nie.

**11. SAMESANG: LB 489:1 en 2 (SITTENDE)**

1 Waak, Christen, staan in die geloof dat niemand jou die kroon ontroof!
Wees wys en dapper, sterk en moedig, - steeds toegewy aan God se werk,
standvastig, onbeweeglik, sterk, vol ywer, altyd meer oorvloedig –
dan sal jou arbeid in die Heer tot seën wees, sy Naam ter eer!

2 Wees, Christen, in jou Heer versterk, want Hy wil altyd in jou werk
om kwaad en sonde te weerstrewe. Verrig jou taak met vaste hand,
en doen jou woord altyd gestand; wil daarby rein en matig lewe.
En wil die Here dat jy ly, o Christen, leer geduld daarby!

**Die Woord van God is verstaanbaar.**

**12. SKRIFLESING: Gedeelte vir Prediking (SITTENDE)**

**13. SAMESANG: LB Ps. 18:1 en 7 OF Psalm 18:1 en 14 (Totius beryming) (STAANDE)**

1 Ek het U baie lief, o Heer, my rots, my sterkte, my verweer.
U is my vesting, sterk gebou, waar ek my veilig skuil kan hou.
My Skild, U sal verlos en red as ek, o Heer, U nodig het.
Wanneer die vyand my bespot, roep ek en u verlos my, God.

7 U kan my duisternis deurlig; U laat ’n oormag voor my swig.
’n Stad se muur, hoe hoog ook al, sal met u hulp, Heer, voor my val.
Die God op wie ons staat kan maak, die Heer se dade is volmaak,
sy woord is suiwer en dis waar. Wie by Hom skuil, sal Hy bewaar.

OF

Psalm 18:1 en 14 (Totius beryming)

1 Ek het U hartlik lief, o Heer! U is my sterkte en verweer.
Die Heer’s my rots, my vesting sterk, my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, by wie ek vas en veilig skuil.

14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal. Hy is ’n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. Want wie’s daar buiten U, o Heer!
U is die Rots, geen ander meer, op wie ons altyd weer kan bou.

**14. PREDIKING**

**15. SAMESANG: Lied gesing tydens ingebruikneming 1933**

***MELODIE VAN LB 365 -Hoor die blye eng'lelied aan die Koningseun gebied***

1 Welkom dierbaar Woord van God, lig in al ons lewenslot;
Bron van leiding, troos en krag, rigsnoer van ons voorgeslag.
Welkom in ons moedertaal, van die Kaap tot oor die Vaal.
Welkom, dierbaar Woord van God, lig Ina al ons lewenslot.
Wees voortaan die troue tolk van Gods raad aan ganse volk.

2 Mag U heilig Woord, o Heer, steeds ons harte opwaarts keer;
Heil in Kerk en Skool versprei, siele tot die Heiland lei.
In die binnekamers bloei, op ons huisaltare gloei.
Welkom, dierbaar Woord van God, lig Ina al ons lewenslot.
Mag ons volk U Woord bemin, meer sy vreugde vind daarin.

Welkom, dierbaar Woord van God, troos in droefste lewenslot.
Openbaar aan elk vandag, oud en jonk, U wondermag
Spreek tot hoof en hart en hand deur ons hele vaderland.
Voor U waarheid wil ons buig en daarvan alom getuig.
Wees voortaan die troue tolk van Gods raad aan ganse volk.

**Die Woord is nuttig.**

**16. SKRIFLESING 2 Tim. 3:14-17 (SITTENDE)**

<u>1933/53</u>

14 Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het,
15 en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.
16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid,
17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

<u>1983</u>

14 Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was
15 en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus.

16 Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek,
17 sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

2020

14 Maar jy, bly jy by dit wat jy geleer het en waarvan jy vas oortuig is, omdat jy weet by wie jy dit geleer het,
15 en omdat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou die wysheid kan gee tot verlossing deur die geloof in Christus Jesus.
16 Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam,
17 sodat die mens wat aan God behoort, bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie taak.

ABD07

14 Maar jy, Timoteus, jy moet aanhou om die dinge te glo wat jy geleer het, dinge wat jy weet is waar, want jy weet wie dit vir jou geleer het.
15 Jy ken die Ou Testament vandat jy ’n kind was en jy het daaruit geleer dat die Here ’n mens red as hy in Christus Jesus glo.
16 Die hele Ou Testament kom van God, en ’n mens kan dit gebruik om vir mense te leer, om hulle te waarsku, om vir hulle te sê dat hulle verkeerd doen en dat hulle reg moet lewe.
17 As jy dit doen, dan sal iemand wat aan God behoort, baie goed weet om elke goeie ding te kan doen.

**17. SAMESANG: LB 513:1, 2 en 3 (SITTENDE)**

1 Soek in God jou sterkte; kry by Hom jou krag;
met sy wapenrusting klee Hy ons met mag.
Nie teen medemense is ons worstelstryd,
maar ons veg teen Satan en sy sluwe listigheid.
Hy stuur bose magte in die wêreld in,
maar met God se wapens kan ons hul oorwin.

2 Waarheid en Gods vryspraak hou ons op ons pos,
dan klink bly die boodskap dat die Heer verlos.
Ons geloofsvertroue is ’n skild wat keer –
daarmee kan ons elke brandpyl van die Bose weer.
Ons bly van verlossing altyddeur bewus
en met God se swaard, sy woorde, toegerus.

3 Doen dit alles biddend, soos die Gees ons lei.
Laat ons altyd waaksaam en gelowig bly!

Almal wat bly volhou, saam bly bid en werk
deel in die geheim van God se koninkryk en kerk.
Hy maak ons vrymoedig, swakkes gee Hy krag
met sy wapenrusting klee Hy ons met mag!

**Die Woord van God is ewig.**

**18. SKRIFLESING 1 Petr 1:22-25 (SITTENDE)**

**<u>1933/53</u>**

22 As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit ‘ en rein hart;
23 want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.
24 Want alle vlees is soos gras en al die heerlikheid van die mens soos ‘ en blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af,
25 maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is.

<u>1983</u>

22 Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê.
23 Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God.
24 Die Skrif sê: “Die mens is soos gras en al sy prag soos ‘ en veldblom; die gras verdor en die blom val af,
25 maar die woord van die Here, dít bly vir ewig.”

<u>2020</u>

22 Omdat julle julle innerlike, in gehoorsaamheid aan die waarheid, tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar innig met rein harte liefhê.
23 Julle is immers weer gebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad – deur die lewende en blywende woord van God.
24 Want: Elke mens is soos gras en al sy prag soos ‘ en veldblom: die gras verdroog en die blom val af;
25 maar die woord van die Here bly tot in ewigheid – en dit is die evangeliewoord wat aan julle verkondig is.

<u>ABD07</u>

22 Julle was gehoorsaam aan die waarheid en so het julle julleself gereinig, nou kan julle waarlik lief wees vir mekaar. Daarom moet julle baie lief wees vir mekaar, julle moenie vals wees en ophou om lief te wees vir mekaar nie.

23 God het ‘ en nuwe lewe vir julle gegee, maar dit was nie soos wanneer ‘ en kind gebore word uit ouers wat kan sterf nie. Nee, God het vir julle hierdie nuwe lewe gegee toe Hy met julle gepraat het, God wat lewe en wat altyd daar is.
24 Want in die Ou Testament is geskryf: Al die mense is soos gras. Hulle is miskien mooi en goed, maar hulle is soos die veldblomme. Gras word droog en blomme val af,
25 maar wat die Here sê, sal nooit verander nie. En dit is die goeie boodskap wat die boodskappers vir julle gebring het.

**19. SAMESANG: LB 200:1 en 3 (SITTENDE)**

1 U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie – wie word daardeur nie diep getref!
Niks anders bring vir ons die heil nie – ons wil ons hart tot U verhef.
Aan U alleen ons dank en ere – U wat ons in u liefde lei.
U sal ons nooit vergeet nie, Here – U wil ons in u waarheid lei.

4 Sou ek, o Heer, U nie vereer nie, sou ek u goedheid nie verstaan?
sou U my raad gee, ek nie leer nie, die weg wat U my wys nie gaan?
Nee, Heer, U rig my wil en strewe; u Woord bly my gedurig by.
Vul met u liefde ook my lewe om my in alles U te wy.

**20. SAMESANG: LB 258:1, 2 en 3 (SITTENDE)**

1 Vreugdevolle tyding, bron van hartverblyding – evangeliewoord!
Woord van lig en lewe rig ons aardse strewe as bevrydingswoord –
deur sy Gees laat God dit wees: woorde van openbaring, van sy heilsverklaring.

2 Luister ons aandagtig skei Gods woord kragtig tussen kwaad en goed.
Van ons skuld vergewe, kan ons volheid lewe - vry deur Jesus bloed.
Alle eer aan God, die Heer; bo verwagting, bo gebede skenk Hy ons sy vrede!

3 Op u grondslag bou ons, op u heil vertrou ons, mensgeworde Woord!
Alles hier verander, U sal nooit verander, want U hou u woord.
Woord by God en Self ook God, U is Waarheid, Lig en Lewe – ewig en verhewe.

**21. GEBED**

**22. SAMESANG: LB 207:1 en 3 (STAANDE)**

1 Eer aan die Vader, wat alles gemaak het; eer aan die Seun, ons Verlosser en Vriend;
eer aan die Gees wat ons lei in die waarheid – aan God Drie-enig ons lof en ons lied.
Ere aan God! Die Heer van alle here woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees.
Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.

3 Wek in ons liefde, o Heer, vir u waarheid; waarheid gee insig, versterk en maak vry.
U is die Waarheid, die Weg en die Lewe; U woon in ons en laat ons in U bly.
Ere aan God! Die Heer van alle here woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees.
Gee ons die liefde, geloof en vertroue om u gehoorsame kinders te wees.

**23. Seën: Num. 6:24-26**

1933/53

24 Die Here sal jou seën en jou behoed;
25 die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
26 die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

1983

24 "Die Here sal julle seën en julle beskerm;
25 die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;
26 die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!

2020

24 "'Mag die Here jou seën en jou beskerm.
25 Mag die Here sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees.
26 Mag die Here sy aangesig na jou toe oplig en aan jou vrede gee.' "

ABD07

24 "Die Here seën jou en Hy beskerm jou,
25 Die Here is naby jou en Hy is genadig vir jou,
26 Die Here doen wat jy vra en Hy laat dit goed gaan met jou.